netwerk24.com

# ‘Hierdie kultuurskat moet behoue bly’

Send to Kindle

Veertien oudredakteurs van Afrikaanse koerante het in ’n brief aan die direksie van Media24 hul teleurstelling uitgespreek oor die maatskappy se voorneme om *Beeld* en *Volksblad* te sluit en die gedrukte weergawe van *Rapport* te staak.

Die redakteurs sluit in Ton Vosloo, voormalige redakteur van *Beeld* en later besturende direkteur en voorsitter van Naspers, en die voormalige Rapport-redakteurs Waldimar Pelser, Bokkie Gerber, Tim du Plessis en Johan de Wet.

Hulle sê in die skrywe “ ’n lewenskragtige, diverse Afrikaanse media . . . is ’n bate wat koestering verdien”.

“In die grootste gedeelte van die land bestaan Afrikaans nie meer as ’n regstaal nie. Afrikaans se status as ’n volwaardige akademiese taal hang aan ’n draadjie. Die Afrikaanse taal en kultuur verdien nie bywonerstatus in ’n demokratiese Suid-Afrika nie . . . Die afskaling van ’n behoorlike nuusaanbod in Afrikaans, dus die verwatering van eerstehandse verslaggewing, sal ’n domino-effek op die hele taalgemeenskap hê.”

Die redakteurs sê Media24 se Afrikaanse koerante is “ ’n markplein vir idees, uitdagings, verkennende denke”.

“Dis waar Afrikaanse mense met mekaar stoei, stry, verskil en saamstem, waarna hulle meestal vorentoe beweeg.

“Tans is ons Afrikaanse titels een van die ruimtes waar wit en veral bruin Afrikaanssprekendes bymekaarkom in een taalgemeenskap. Hierdie kultuurskat moet tot elke prys behoue bly.”

Hulle sê hul pleidooi is vir die behoud van Afrikaans “onder die vaandel van mashoofde wat oor dekades heen bekend en gerespekteer is in die Afrikaanse gemeenskap”. Hulle vra dat al drie die titels op die Netwerk24-platform voortleef in PDF-vorm.

“Lede van die topbestuur van Media24 gee nou in die openbaar te kenne dat geen verskraling sal gebeur wanneer die drukweergawes gesluit word nie. Maar hoe gaan dit moontlik wees as redaksionele poste afgeskaf word en begrotings besnoei word op ’n skaal wat nog nooit voorheen in Naspers/Media24 gesien is nie?”

Die redakteurs sê hulle verstaan die sakeredes agter die maatskappy se besluit.

“As oudredakteurs weet ons maar te goed die kostes van druk- en verspreiding het onhoudbaar geraak. Ons besef ook die toekoms vir nuusmedia is digitaal en dat die gedrukte media wêreldwyd teen ’n versnelde tempo digitaliseer,” skryf hulle.

Hulle vra egter vir “wyer oorlegpleging en besinning” voordat die besluit deurgevoer word.

“Oorweeg ook voorstelle van buite die maatskappy wat die lewe kan verleng van die gedrukte weergawes, al is dit tydelik. Dit sluit in gemeenskapskoerante.”

Vosloo het in ’n nota by die brief waarin hy sê hy het vertroue dat die leiers van Media24 “in oorleg met Naspers se voorsitter, Koos Bekker, die uitweg sal vind wat Afrikaanse joernalistiek sal rig op die volgende fase van sy deurslaggewende bestaan”.

Ishmet Davidson, uitvoerende hoof van Media24, het gisteraand gesê die maatskappy twyfel nie dat die redakteurs se mening gewortel is in werklike kommer oor die stand van die joernalistiek en die toekoms van Afrikaans nie.

“Hoewel dit op die oog af dalk nie so mag blyk nie, is dit ’n gedeelde belang by, maar ook in, ’n haalbare toekoms vir sowel gehalte-joernalistiek in Afrikaans, as

die taal binne 'n breër konteks, wat 'n groot onderbou vorm van ons onlangse aankondiging."

Hy sê Media24 sal met die groep in gesprek tree. "Dit sal help om wedersydse begrip te kry vir die kommer en voorstelle, maar ook vir die harde feite en ons uiteindelike visie vir die pad vorentoe."

**Die ander ondertekenaars van die brief is:** Hennie van Deventer (*Volksblad* 1980-1992), Ebbe Dommisse (*Die Burger* 1990-2001), Willie Kühn (*Beeld* 1993-1996), Paul Marais (*Volksblad* 1994-1999), Jonathan Crowther (*Volksblad* 1999-2009), Peet Kruger (*Beeld* 2001- 2009; 2011-2013), Bun Booyens (*Die Burger* 2010-2016), Jo van Eeden (*Volksblad* 2012-2015) en Gert Coetzee (*Volksblad* 2015-2022).

---

https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/aktueel/hierdie-kultuurskat-moet-behoue-bly-20240629